

Maleagi – Bekeer julle van geestelike minagting

Inleiding

Die twaalfde boek, die boek van die profeet Maleagi, rond die boodskap van die Twaalf Kleiner Profete af.

Dit is duidelik dat die tempel al herbou en in gebruik geneem is (1:10; 3:1). Die aanvanklike opgewondenheid daaroor het egter begin taan. Ons lees dat die altaardiens herstel is (1:7), maar dat die priesters laks geraak het en die Here met minagting behandel is (1:6). Daarom minag ook die volk die Here deur blinde, siek, lam of verminkte diere, en soms selfs gesteelde diere (kan jy glo!) te offer (1:8, 13-14) en daarby nie hulle volle tiendes te bring na die tempel toe nie (3:6-12).

Ironies genoeg beteken dit dat die Leviete en priesters ook daaronder ly deurdat daar geen voorsiening vir hulle is nie. Hulle is egter ironies genoeg in die eerste plek aandadig daaraan deurdat hulle self die Here minag in hulle dienswerk.

Die omstandighede waarbinne dié boodskap van Maleagi dus gelewer word, lyk dus na die tyd van Nehemia, waarskynlik sy tweede termyn in Jerusalem van ongeveer 432 v.C. af. Dit lei ons af onder andere uit die feit dat Maleagi van 'n Persiese goewerneur praat (1:8 – die Persiese woord vir goewerneur word gebruik) en weens die feit dat Nehemia dieselfde tipe priesterlike nalatigheid en godsdienstig-gemengde huwelikke aanvat (Neh. 13) as waaroor Maleagi kla. Lees meer oor dié tydperk in Nehemia se lewe in my vorige bydrae daaroor: [Nehemia 13 – Nehemia stel nog hervormings in met sy tweede termyn.](#)

Indeling

Maleagi roep die volk op deur God se antwoorde weer te gee op twee basiese probleme wat hulle met Hom het.

Die twee probleme wat hulle met Hom het, is:

1. **dat Hy hulle nie liefhet nie** (1:2-5 – Hulle kla: *“Hoe het U ons lief?”*), en
2. **dat Hy niks doen aan boosheid en onreg nie** (2:17 – Hulle kla: *“Almal wat verkeerd doen, is goed in die oë van die HERE, met hulle is Hy ingenome.”* En: *“Waar is die God wat oordeel?”*).

Daarop antwoord die Here:

1. **dat hulle Hom minag** en dat dit aan die basis lê van hulle ervaring van 'n gebroke verhouding (1:6-2:9; 2:10-16), en
2. **dat hulle self onreg doen** met onder andere toordery, egbreuk, godsdienstig-gemengde huwelikke, vals eedswerings, die uitbuiting van weerloses in die samelewing, en halfhartige godsdienstige handeling (offers en tiendes). Dit is dinge wat God veroordeel. (2:17-3:5; 3:13-4:3).

God het dus nie verander nie – hulle het!

Met hierdie boek roep Maleagi hulle dus op om die verbondsverhouding met God heelhartig te handhaaf en Hom nie te minag met oppervlakkige godsdienstigheid nie en Hom boonop op die koop toe op allerhande maniere te verkwalik nie. God sal sy kant van die verbond handhaaf. Daarop kan hulle staatmaak. Wat in gedrang is, is hulle eie gehoorsaamheid aan Hom.

Maleagi berei hulle ook voor om die deurlugtige, maar nog toekomstige, “*dag van die Here*” te verwag, wanneer die lankverwagte Messias te voorskyn sal kom wat versoening in die gemeenskap sal bring. Dan sal: “*die son van redding deurbreek met genesing in sy strale.*” (4:2).

Dit is ‘n gepaste noot om nie net die Twaalf Kleiner Profete mee af te sluit nie, maar die hele OT boodskap in afwagting van die Messias-Koning wat die “*dag van die Here*” in vervulling laat gaan, soos die NT met die vier Evangelies se boodskap van Jesus, die Messias, aankondig.

Ons lees dit as volg:

- **1:1-2:16 – God het die volk lief ten spyte van hulle liefdeloosheid**
- **2:17-4:6 – God sal reg laat geskied ten spyte van hulle ongeregtigheid**

Maleagi 1:1-2:16 – God het die volk lief ten spyte van hulle liefdeloosheid

Hierdie twee hoofstukke fokus op die eerste basiese probleem wat die volk met God het – **sy oënskynlike gebrek aan liefde** (1:2-5). Die Here wys in sy eerste reaksie op die basiese rede vir dié ervaring wat hulle interpretasie van wat aan die gang is in ‘n heel ander lig stel. *God het nie verander nie – hulle het!* Hy het hulle lief ten spyte van hulle liefdeloosheid.

Die priesters het Hom egter met minagting hanteer in die godsdiensoefening van offergawes en die volk het hulle daarin nagevolg (1:6-2:9). Daarby voeg Maleagi dat dié minagting verder gevoer is deurdat die volk gemengde-godsdiens huwelikke sowel as egskedings goedkeur. Beide aksies verbreek egter die verbond met die Here (2:10-16).

Let op hoe die stem van die Here in al drie perikope sterk deurkom, maar dat die eerste perikoop veral die probleem van die volk, die tweede veral die reaksie van die Here daarop en die derde perikoop veral die reaksie van die profeet, Maleagi, daarop verwoord. Ons lees die perikope dus as volg:

- **1:2-5 – Die volk: U het ons nie meer lief nie.**
- **1:6-2:9 – Die Here: Julle hanteer My met minagting in die offergawes**
- **2:10-16 – Maleagi: Julle hanteer God met minagting in julle huwelikke**

1:2-5 – Die volk: U het ons nie meer lief nie.

Die Here begin met die stelling: “*Ek het julle lief.*” Op die volk se vraag: “*Hoe het U ons lief?*” antwoord Hy deur na sy liefde vir Jakob en sy haat, d.w.s. verwerping, van Esau en die

Edomiete, hulle aartsvyande, te verwys. Edom se grondgebied is verlate en sal ook nooit weer sy vorige glorie bereik nie. Daarvoor sal die Here sorg. God is groot ook buite die grense van Israel. In die volgende perikoop sal die Here sy hantering van die Jode verduidelik.

‘n Bietjie agtergrond: die Here het reeds in Genesis 25 sy veroordeling van Esau oor sy minagting van sy eersgeboortereg te kenne gegee, en net voor die ballingskap deur Jeremia (vgl. my bydrae oor [Jeremia 49 – ‘n Boodskap aan Ammon, Edom, Damaskus, Kedar-Gasor, en Elam](#)) en Obadja (vgl. my bydrae oor [Obadja](#)) sy straf oor hulle verwaandheid en afsydigheid aangekondig.

Daar is dus ‘n hele geskiedenis agter dié stelling van die Here. Die Edomiete het nie net die seën van Isak in die wind geslaan aanvanklik nie, maar regdeur hulle bestaan as nasie aktiewe teenstanders van die Here en sy volk gewees. Die Here se verwerping het dus nie uit die lug uit geval nie, maar was ‘n reaksie op Esau se gebrek aan geloof en gehoorsaamheid.

In die NT verwys Paulus na die verkiesing van Jakob bó Esau as bevestiging van God se *soewereiniteit* wat kan doen wat Hy wil, sonder dat iemand ‘n vinger na Hom kan wys ([Romeine 9-11 – Die Jode se volle getal sal gelowig word](#)). Die skrywer van die Hebreërbrief verwys ook na Esau en Edom as voorbeeld. Aan die een kant is hy positief oor die seën wat die Here vir Edom op grond van Isak se geloof aan hulle beloof het ([Hebreërs 11 – Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag](#)). Dit is egter net so duidelik dat hulle dié seën verkwansel het vir ‘n pot lensiesop, by wyse van spreke. Die Hebreërskrywer gebruik daarom die straf op hulle sedelose en goddelose lewe, iets wat begin het by Esau se minagting vir sy eersgeboortereg, as aanmoediging vir die geloofsgemeenskap om in die geloof en gehoorsaamheid te volhard sodat dieselfde lot hulle nie te beurt val nie ([Hebreërs 12 – Hardloop die wedloop wat vir ons voorlê met volharding](#)).

1:6-2:9 – Die Here: Julle hanteer My met minagting in die offergawes

Die rede vir die Jode se ervaring dat dinge nog net nie lekker werk nie – al is die tempel herbou in Haggai en Sagaria se tyd, al het Esra met sy hervormings begin, en al het Nehemia die mure herstel – is te wyte aan hulle eie ongehoorsaamheid. Daar is geen eerbied vir die Here nie. Die priesters behandel die Here met minagting.

Op die vraag van die volk: *“Hoe het ons U met minagting behandel?”* antwoord die Here uitvoerig en verwys na laksheid van die priesters. Hulle laat toe dat die volk blinde, siek, lam of verminkte, en soms selfs gesteelde diere offer (1:8, 13-14). Later sal nog bygevoeg word dat die volk daarby nie hulle volle tiendes bring na die tempel toe nie (3:6-12).

Só ‘n toedrag van sake sal nie maklik in die publieke lewe geduld word nie, sê die Here. Hulle sal immers nie vriendelik ontvang word deur die goewerneur as hulle sulke swak diere sou lewer nie.

Ironies genoeg beteken dit dat die Leviete en priesters ook daaronder ly deurdat daar gebrekkige voorsiening vir hulle is nie. Die sisteem het só gewerk dat hulle kon deel in die opbrengs van die huis van die Here (Deut. 10:19; Jos. 13:14). Die priesters ly nou egter

gebrek, omdat die opbrengs swak is. Sommige van hulle het volgens Nehemia 13 ander bronne van inkomste gaan soek, wat die situasie vererger het. Hulle kan eintlik egter net hulleself verkwalik, want die priesters is in die eerste plek aandadig aan die swak toedrag van sake deurdat hulle die volk toelaat om die Here te minag met hulle offers. Bootjie kry dus op 'n vreemde manier eintlik sy loontjie.

Dit help dus nie die volk vra: *“Maak God dan tog nou goedgesind dat Hy ons genadig kan wees!”* Hy sal nie hulle versoeke toestaan as hulle só optree nie. Trouens, die Here wens dat hulle liever die tempel se deure sal toesluit, sodat Hy nie aan hulle minagting blootgestel sal word nie. Selfs vreemde volke dien Hom (soos Paulus ook in Hand. 17:23-24 skryf). Hoekom moet Hy sulke gedrag van sy eie mense verduur?!

Die Here belowe daarom dat Hy diegene wat Hom minag, sal straf, want Hy is die Grootkoning, die een wat eerbied toekom. Die priesters word opgeroep om dié boodskap te verkondig, want ongehoorsaamheid lei tot 'n einde van enige voorspoed, omdat dit die verbond met God deurbreek.

Hoewel Maleagi hier meer direk van die verbond met Levi praat (waarskynlik op grond van Deut. 18:5; vgl. egter ook Deut. 33:9), is dit iets wat vir die hele volk geld. Waar God se wil nie uitgevoer word nie, bring dit die verbond in gedrang. Maar, die priesters het die dure plig om die volk die wil van God te leer, en daarom moet hulle nie net met kennis praat nie, maar hulle moet dit self nakom. Hulle sal daarom die gevolge van verwerping dra, nie net deur God nie, maar ook deur die volk.

2:10-16 – Maleagi: Julle hanteer God met minagting in julle huwelikke

Maleagi vervolg met sy eie perspektief op die uitwerking van die ontrou aan God op die gehalte van die verhoudinge wat hulle in hulle huwelikke met mekaar handhaaf. Omdat die Jode die verhouding met God nie na waarde geskat het en in stand gehou het nie, doen hulle dit ook nie in hulle huwelikke nie. *“Ons het tog almal een Vader, ons is tog deur een God geskep! Waarom is die een dan ontrou aan die ander en ontwy hulle die verbond van God met ons voorvaders?”* Die verhouding met God behoort die verhouding met die naaste te bepaal. Dit is soos vinkel en koljander. Die een is soos die ander.

Aan die een kant het Joodse mans met vrouens getrou wat in diens van 'n ander god gestaan het, waarskynlik veral Moabitiese en Ammonitiese vroue, soos Esra en Nehemia dit aandui. Gemengde-godsdiens huwelikke word dus skerp veroordeel, omdat dit nie net die geloof van die Joodse eggenoot bedreig nie, maar veral die kinders blootstel aan 'n ander godsdiens.

Omdat dien kinders dus nie van moederskoot af Hebreeus kon leer praat nie, kon hulle gevolglik ook nie die Bybel van hulle tyd verstaan nie. Daarsonder sou hulle doodgewoon verheidens en nie weet wat dit beteken om die Here te dien nie. Vir meer detail kan jy Nehemia en Esra se veroordeling daarvan lees ([Nehemia 13 – Nehemia stel nog hervormings in met sy tweede termyn](#) – [Esra 10 – Die geloofsgemeenskap vernuwe die verbond deur godsdienstig-gemengde huwelike te ontbind](#)).

Aan die ander kant het Joodse gelowiges – dit is moontlik dat hier in die eerste plek na die priesters verwys word, maar dit geld uiteraard vir almal wat die Here regtig wil dien – te maklik hulle jeugliefdes verlaat en in ontrow van hulle geskei. Maleagi gebruik hier die frase: *“die vrou van jou verbond,”* wat dui op die plegtige verbintenis in die teenwoordigheid van die verbondsgemeenskap waar trou aan mekaar gesweer is. Geen wonder dat die Here nie hulle offers, of offerdiens in die geval van die priesters, aanvaar nie, want hulle is nie getrou in die huwelik aan mekaar nie. Die verhouding met ander beïnvloed die verhouding met God.

- In die eerste plek verwys Maleagi dan na God se skeppingsbedoeling wat van die begin af duidelik is: *“Die Here het man en vrou een gemaak, een in liggaam en gees.”* (Gen 2:24).
- Hy lê in die tweede plek die bedoeling van dié skeppingseenheid nie net uit dat daar ‘n nageslag sal wees nie, maar spesifiek: *“dat daar ‘n nageslag sal wees wat Hom eer.”*
- Sy bevel aan die Jode is dat hulle hulleself moet beheers, nie allerlei verskonings moet soek om te skei as dinge swaar gaan in die huwelik nie, en eerder getrou te bly aan hulle vroue. Want, in die derde plek: *“Egskeiding is niks anders as geweld nie.”* ‘n Tydige woord – al beteken dit natuurlik nie dat iets soos fisiese geweld in die huwelik geduld kan word nie.

Egskeiding is nie die bedoeling van die Here nie. Getrouheid aan mekaar is. Só het Jesus dit ook op twee plekke in die NT uitgelê.

- In die Bergrede het Hy gefokus op ontrow in die huwelik (egbreuk en egskeiding) wat ongeluk en ‘n gebrek aan seën bring (Matt. 5:31-32 – vgl. my bydrae: [Matteus 5 – Jesus fokus op die stryd vir geregtigheid](#)).
- In die gesprek oor watter waardes geld in die koninkryk het Hy op soortgelyke wyse getrouheid in die huwelik as ononderhandelbare beginsel van God uitgespel (Matt 19:4-9 – vgl. my bydrae: [Matteus 19 – Jesus spel koninkrykswaardes vir huwelike, kinders en welvaart uit](#)).

Boodskap

Dié boodskap van Maleagi roer nie net sy tydgenote se binneste nie. Dit het ‘n direkte appèl ook op ons eie geloofsgemeenskap vandag. Die eerste aspek raak ons geestelike verbintenis aan die Here. Niks moet in die weg staan om Hom bó alles te dien. Dit is nie verbasend nie. Daar is niks wat belangriker is as om die Here met jou hele hart en al jou kragte te dien nie. In OT het gelowiges dit gewys met die verskillende offers wat hulle gebring het. In die NT wys gelowiges dit met ‘n lewe van dankbaarheid wat uiteraard fisiese offers insluit, maar veel wyer gaan. Ons behoort in alles aan die Here en moet Hom dien met alles wat ons is en besit.

Die tweede aspek van die boodskap aan ons is miskien meer verrassend, want dit raak ons huweliksverbintnisse in die geloofsgemeenskap. Ons het gewoon geraak daaraan dat godsdienstige gemengde huwelikke algemeen raak, en ons praat nie eers van die toename in egskeidings nie. Dit het ‘n geweldige impak aan die een kant op die wyse waarop ons as geloofsgemeenskap ons geloof aan volgende geslagte kan oordra. Godsdienstig gemengde huwelikke steek te maklik ‘n stokkie voor die vrymoedige verbintenis aan die Here wat só noodsaaklik is vir ‘n gesonde geloof van ons kinders.

Maar, dieselfde geld natuurlik die te maklike keuse vir egskeiding. Die feit dat daar geldige redes vir egskeidings bestaan, soos fisieke geweld en ontrou, het die uitsonderings die reël gemaak. Egskeiding is egter steeds nie iets wat die Here se goedkeuring wegdra nie. Trouens, dit is iets wat Hy haat. En dit behoort ons standpunt oor egskeiding in die geloofsgemeenskap te bepaal. Soos huwelikke in die geloofsgemeenskappe en onder gelowiges se begeleiding plaasvind, só behoort egskeidings op soortgelyke wyse in geloofsgemeenskappe en onder hulle begeleiding plaas te vind.

Soos ek al 'n keer of wat ervaar het, wat vir almal betrokke 'n groot seën was.

Maleagi 2:17-4:6 – God sal reg laat geskied ten spyte van hulle

ongeregtigheid

In hierdie twee hoofstukke fokus Maleagi op die tweede basiese probleem wat die volk met God het – sy gebrek aan optrede om iets aan die **probleem van boosheid en onreg** te doen (2:17-3:5). Dié vraag maak die Here skoon “*moeg*”, omdat dit só ver van die waarheid af is. Hy gaan dit vir hulle wys deur sommer by hulle te begin om die onreg wat hulle doen, uit te roei. Weereens – *God het nie verander nie – hulle het!* Hy sal reg laat geskied ten spyte van hulle ongeregtigheid.

Die volk se onreg sluit in dat hulle Hom met minagting behandel deur nie al die vereiste offers sowel as die **volle tiende** na die tempel te bring nie. Dit is natuurlik die eintlike rede waarom dit met hulle sleg gaan. Hulle kom nie hulle deel van die verbond na nie (3:6-12). Die toppunt van hulle vermetelheid is egter om die Here te verkwalik vir dinge waaraan hulleself aandadig is. Dit is so groot dat hulle so ver gaan as om te verkondig dat dit nutteloos is om die Here te dien. Hulle sien dus glad nie hulle eie aandeel in die sinloosheid van hulle godsdiens raak nie.

Gelukkig is dit nie die geval by almal nie. Dié wat eerbied vir die Here het, sê Maleagi, sal ervaar dat die Here vir hulle goed is. Daardeur sal die verskil tussen dié wat goed doen en dié wat goddeloos is, helder sigbaar word, al beskryf hy dit as iets wat eers op die “*dag van die Here*” volledig sigbaar sal word (3:13-4:3).

Die boek word afgesluit met 'n opdrag om aan die wet van Moses aandag te gee in voorbereiding vir die koms van die profeet Elia wat versoening sal bewerk vir almal (4:4-6).

Let op hoe die stem van die Here in al vier perikope sterk deurkom, maar dat die eerste perikoop veral die probleem van die volk, die tweede veral die reaksie van die Here daarop en die derde perikoop veral die reaksie van die profeet, Maleagi, daarop verwoord. Die laaste perikoop bevat 'n woord vir die toekoms wat in Jesus vervul is. Ons lees die perikope dus as volg:

- **2:17-3:5 – Die volk: Vir U is almal wat verkeerd doen, goeie mense.**
- **3:6-12 – Die Here: Julle hanteer My met minagting in die tiendes**
- **3:13-4:3 – Maleagi: Die Here sal die verskil tussen dié wat goed doen en dié wat goddeloos is, sigbaar maak**

- **4:4-6 – Die Here: Onthou die wet van Moses in afwagting van die profeet Elia wat versoening sal bring**

2:17-3:5 – Die volk: Vir U is almal wat verkeerd doen, goeie mense.

Maleagi begin met die stelling: *“Julle het die Here moeg gemaak met wat julle gesê het.”* Op hulle vraag waarmee? antwoord hy: *“toe julle gesê het: ‘Vir die Here is almal wat verkeerd doen, goeie mense, Hy hou van hulle.’”* Sowel as toe hulle gevra het: *“Waar is die God wat reg moet laat geskied?”*

Die Here antwoord op ‘n manier wat hulle moontlik nie verwag het nie. In plaas daarvan om in die eerste plek die onreg in die gemeenskap aan te spreek, gaan die Here begin met sy eie mense, meer spesifieke die Leviëte, voordat Hy vandaar af uit die hele geloofsgemeenskap sal verander.

- Die probleem met die tempelpersoneel is dat hulle hulle rol om tussen God en die volk te staan en dié verhouding te fasiliteer, verwaarloos het.
- Die probleem met die volk is dat hulle self onreg doen met dinge wat getuig van ‘n halfhartige dien van die Here wat ook tot onreg in die gemeenskap lei. Hulle is onder andere skuldig aan toordery, egbreuk, godsdienstig-gemengde huwelikke, vals eedswerings, die uitbuiting van weerloses in die samelewing, en halfhartige godsdienstige handeling (offers en tiendes).

Dit is dinge wat God veroordeel en wat Hy gaan regstel. Let op dat die Here hulle van binne af transformeer dat hulle: *“aan die Here ‘n offer kan bring wat bestaan uit regdoen.”* Dit is die voorvereiste wat hulle gewone offers weer aanneemlik sal maak vir die Here.

Die Here se agent van verandering word in eskatologiese taal geskets, soos in die derde en vierde perikoop ook na vore sal kom. Dit is sy **boodskapper**. Hoewel die woord ooreenkom met Maleagi se naam, wat ook *“boodsapper”* beteken, word die boodskapper ook die **Verbondsengel** – die enigste plek in die Bybel wat dié woord gebruik word – genoem wat die gesag en die mag het om die volk te suiwer om die Here op die regte wyse te kan dien. Hy neem dus ‘n Messiaanse karakter aan, hoewel Maleagi anders as Sagaria nie van ‘n Lydende Messias praat nie. Sy reinigende en regsprekende werk staan voorop. In die NT word dié boodskapper met Johannes die Doper verbind (Mark. 1:2-3; Matt. 11:10,14)

3:6-12 – Die Here: Julle hanteer My met minagting in die tiendes

Maleagi se fokus skuif terug na die huidige situasie van die volk. Die Here verklaar dat Hy nie verander het nie en verwag van die volk dat hulle tot bekering sal kom. Dít sal die seën van die Here oor hulle bring.

Op die vraag van die volk waarom hulle tot bekering moet kom, lig die Here hulle nalatigheid uit om die volle tiende na die tempel te bring. Hy laat hulle onder geen onsekerheid nie dat die tiendes ‘n ononderhandelbare deel van hulle verhouding is. As motivering koppel Hy aan die gee van tiendes ‘n omvattende belofte: *“Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe ... en toets My hierin of Ek nie die vensters van die hemel vir julle*

sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie.” Die Here belowe verder dat Hy hulle sal beskerm van plaë en misoeste, en selfs die nasies se houding oor hulle sal verander dat hulle mense van betekenis is. *“Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou.”*

Dit gaan natuurlik nie in die eerste plek oor die tiendes as sodanig nie, maar oor die verhouding wat tussen God en die volk herstel moet word. Binne ‘n gesonde verhouding kom God se seën tot sy volle werking. Daarop kan die volk staatmaak. Die gee van tiendes is net ‘n simbool van die regte tipe verhouding wat tussen God en sy mense bestaan. Die tiendes kan daarom egter ook nie nagelaat word nie, want dan getuig dit van ‘n gebroke verhouding met die Here, soos dit nou die geval was met die volk. [Lees hier meer oor die betekenis van tiendes in die NT elders op die webtuiste.](#)

3:13-4:3 – Maleagi: Die Here sal die verskil tussen dié wat goed doen en dié wat goddeloos is, sigbaar maak

Die toppunt van die volk se vermetelheid is egter om die Here te verkwalik vir dinge waaraan hulleself aandadig is. Maleagi wys uit dat dit so groot is dat hulle selfs so ver gaan as om te verkondig dat dit nutteloos is om die Here te dien. Hulle sien dus glad nie hulle eie aandeel in die sinloosheid van hulle godsdiens raak nie. Hulle beskuldig ander van opstand teen die Here, terwyl hulle selfs in opstand teen die Here is.

Gelukkig is dit nie die geval by almal nie. Maleagi vertel van ‘n gesprek tussen mense wat wel eerbied vir die Here het en oor die toedrag van sake onder die volk gesels het. Die Here het hulle gesprek gehoor en met groot toegeneentheid teenoor hulle gereageer. Trouens, hulle name is in sy gedenkboek opgeskrywe.

Dié wat eerbied vir die Here het, sê Maleagi, sal dus ervaar dat die Here vir hulle goed is. Daardeur sal die verskil tussen dié wat goed doen en dié wat goddeloos is, helder sigbaar word, al beskryf Maleagi dit as iets wat eers op die *“dag van die Here”* volledig sigbaar sal word (3:13-4:3). Die opstandiges sal verbrand soos kaf. Vir die eerbiediges sal: *“die son van redding skyn met genesing in sy strale.”*

4:4-6 – Die Here: Onthou die wet van Moses in afwagting van die profeet Elia wat versoening sal bring

Die boek word afgesluit met ‘n opdrag om aan die wet van Moses te bly aandag gee in voorbereiding vir die koms van die profeet Elia wat versoening sal bewerk vir almal (4:4-6). Hoewel Johannes die Doper self die konneksie met Elia ontken het (Joh. 1:19-23), verbind Lukas hom in die NT met hierdie profesie van Maleagi (Luk. 1:16-17, 76-77) en Markus en Matteus hom met die boodskapper van hfst. 3, soos dit ook in Jesaja 40 aangehaal word (Mark. 1:2-3; Matt. 3:1-6). Jesus self sê dat Johannes die Doper die Elia is wat moes kom (Matt. 11:14; 17:12).

Boodskap

Dié laaste twee hoofstukke van Maleagi konfronteer ons met die problematiek van omstandighede en die gevaar om die Here se straf of seën reglynig daaraan te koppel na gelang van die teë- of voorspoed wat ons of ander mense ervaar.

Aan die een kant kan ons die fout maak dat ons na goddeloses kyk, hulle voorspoed raaksien, en dan die gevolgtrekking maak dat die Here nie straf nie. Ten diepste bevraagteken 'n mens dan God se regverdigheid. 'n Mens het egter 'n langer termyn visie nodig, soos Ps. 73 ons herinner (lees my bydrae: [Psalm 73 – God is my krag en erfenis](#)), terwyl 'n mens steeds die verhouding met God najaag, ten spyte van omstandighede. Op die langtermyn kry goddeloses hulle verdiende loon. Sonder God struikel goddeloses op die einste Godlose pad wat hulle verkies.

Aan die ander kant kan ons die fout maak dat ons na onself kyk, ons teë-of voorspoed raaksien, en dan ook die eenvoudige gevolgtrekking maak dat die Here ons straf of seën na aanleiding van die gehalte van ons verhouding met die Here. Daar is natuurlik waarheid daarin. Maleagi verbind immers spesifiek die beloftes van beskerming en betekenis aan die gee van tiendes. En ons kan die Here daarvoor vertrou.

Maar, dit is nie al waarheid nie. Daar is ook slegte goed wat met goeie mense gebeur wat nie van 'n oorvloed of gebrek aan tiendes afgelei kan word nie. Daar is ook lyding wat deel is van 'n lewe wat aan God getrou wil bly, soos die Lydende Messias van Jesaja en Sagaria ons aan herinner. Hierdie lyding het ook niks met die gee (al dan nie) van tiendes as sodanig te make nie, hoewel 'n kenmerk van sulke mense waarskynlik altyd sal wees dat hulle getrou sal bly daarin, selfs al sien hulle nie altyd die vrug daarop nie.

Dit is mense vir wie God genoeg is, wat tevrede is om in sy gedenkboek opgeskrywe te wees, wat Hom vertrou dat die band met Hom deur niks in gedrang sal kom nie, wat vertrou op die Een wat alles uiteindelik sal verander, die Messias. Daarmee sluit die boek die boodskap van die Twaalf Kleiner Profete af en die OT daarmee saam met die verwagting wat in Jesus vervul is. Sela.